

Afrikaans

Sample
Language Exam

Please prepare a good literary translation of the entire passage in the time allowed. Use of a dictionary is permitted. Choose one of the two passages.

Time allowed: 2 Hours

PASSAGE I

Met die 9 artikel-wetjie (so ewe genoem) het daar staats- en aanverwante pligte vir die emigranteboere ontstaan wat hulle sou herhaal, uitbrei en tewens gaandeweg in belangrikheid moes toeneem. In Natal is deur die volksregering daarmee groot vordering gemaak, die Republieke suid en noord van die Vaal het dit vervolgens tot hulle landstale verhef, alle staatsbesluite, alle wetgewing, ens., het daarin verskyn en natuurlik het die

Hollands-Afrikaanse kerke hulle ook daarvan bedien.

Die glorie van die taalplantjie deur Van Riebeeck hier gebring en deur die voorgeslag versorg, het in die dae van die Republieke onteenseglik tot 'n boom opgegroeï. Daardie groei het tewens kostelike suidelike ondersteuning gevind in die lofwaardige strewe van die Taalbond. Die name van ds. Neethling en professore De Vos en Moorrees sal in daardie verband steeds in gedagtenis gehou word.

Stryd op taalgebied word oral in die wêreld gevoer en dié moes ook by ons intree. Dit sal in die toekoms ook nie uitbly nie. Stryd, maar dan moet dit „stryd” wees, maak vaardig en suiwer. Natuurlik het die oorspronklike vorm en gehalte gaandeweg in die mond en pen van die volk veranderings ondergaan. Die stywe vorm het hinderlik geword. Besliste pogings is dan ook aangewend om vereenvoudiging aan te bring en die strewe daartoe o.a. deur dr. F. V. Engelenburg, editeur van *Die Volkstem* en dr. W. J. Viljoen van Stellenbosch, het uit 'n oorgangstandpunt beskou in hulle tyd baie beteken. Ek besef dat menigeen wat die verlede graag wil uitskakel minder aandag hierop gevestig wil sien, maar wat hierdie optrede vir president Kruger beteken het in 'n tydperk toe die inkorting van die gevestigde taalregte in die Zuid-Afrikaanse Republiek 'n ernstige bedreiging was, ten einde aan wat teenswoordig die ander van die twee offisiële tale is,

meer geleentheid te verskaf, kan ek vrymoedig aan die spesiale aandag van onbevooroordeelde taalstudente aanbeveel.

Taalvereenvoudiging was egter seer seker nie genoeg nie; dit was slegs 'n stap in die regte rigting.

I. Die wêreld kry 'n skelwoord

P. W. Botha het in sy jong dae help bou aan die apartheidsstelsel. Dertig jaar later sou hy as een van die laastes van die 1948-garde met ingrypende verstellings aan dié struktuur begin.

Hy was die agerende sekretaris van die Paul Sauer-kommissie, wat in 1947 die bloudruk vir die Nasionale Party se apartheidsbeleid opgestel het. Van Sauer het hy spesiale waardering vir sy bydrae gekry. Die verslag van die kommissie was die grondslag vir die verkiesingstrategie wat die NP in 1948 aan die bewind laat kom het.

Met die Afrikaner se lang gespartel om hom teen oormagte te handhaaf, het dit in dié tyd by hom vasgestaan: met die swaar getaloorwig van die nie-blankes moet die gelykstelling van rasse noodwendig tot die ondergang van die Europese beskawing in Suid-Afrika lei.

Al is apartheid op blanke selfbehoud ingestel, sou die Afrikaner die taak aanvaar om die ander etniese groepe op stoflike en geestelike gebied te help ontwikkel. In hul eie gebiede sou hulle beter kon groei tot volwaardigheid in die onderwys, professies, bestuurswese, ens. Dié geleenthede sou hulle in mededinging met die blankes nie hê nie.

Die Afrikaner het hoë prys gestel op sý voortbestaan as afsonderlike groep met die beskerming van sy eie aard en eie beskawingswaardes. Hy het geglo ander groepe voel dieselfde. As dit simplistiese denke was, totaal uit voeling met die nuwe etiese maatstawe van Wes-Europa, was die bedoeling nogtans nie boos nie.

Feitlik alle skeidingswette van die eerste jare van Nasionale bewind was gegrond op die verslag van die Sauer-kommissie. Die hoofoogmerk was, in die woorde van die kommissie, die handhawing van die blanke bevolking "deur die algehele uitskakeling van enige rassevermenging tussen blanke en nie-blanke; sy bestendiging as 'n onafhanklike staatkundige gemeenskap en sy verdere ontwikkeling op Christelik-nasionale grondslag deur die nodige beskerming op alle terreine; die deurvoering van 'n duidelike skeidslyn tussen blank en nie-blank en daarmee die uitskakeling van alle moontlike bronne van belangebotsings".

Agterna beskou, is dit duidelik dat hierdie standpunt oorreaksie was. Maar deurslaggewend vir die Afrikaner was sy gevoel van bedreiging. Bedreig deur die getaloorwig van die gekleurdes. Bedreig by die stembus, waar Kleurlingmans in Kaapland saam op dieselfde kieserslys was

en oorweldigend teen die Afrikaner opgestook is. Bevrees dat hy deur 'n stroom immigrante verswelg sou word. Bekommerd oor die toekoms van sy taal en dat hy ekonomies die houthakker en waterdraer sou bly; dat hy in die naoorlogse omwentelinge 'n kwynende kultuurgroep sou word.